Woensdag Brief 14 Oktober 2020

Die bekende skeppingsbeginsel dat vorm altyd spruit uit funksie maak my bietjie nadink oor dinge hier en daar. Die uitspraak as wysheid kom van die argitek Louis Sullivan (1856-1924), hoewel meer bekend gemaak deur sy eertydse assistent die baie bekende argitek Frank Lloyd Wright (1867-1959). Laasgenoemde het in sy 70 bedrywige jare as argitek meer as 'n duisend huise en geboue ontwerp. Hy hét geweet waarvan hy praat: '.. life is recognizable in its expression, that form ever follows function.'

Louis Sullivan het wel baie mooi daaroor geskryf: 'Whether it be the sweeping eagle in his flight, or the open apple-blossom, the toiling work-horse, the blithe swan, the branching oak, the winding stream at its base, the drifting clouds, over all the coursing sun, *form ever follows function*, and this is the law. It is the pervading law of all things organic and inorganic, of all things physical and metaphysical, of all things human and all things superhuman, of all true manifestations of the head, of the heart, of the soul, that the life is recognizable in its expression, that form ever follows function.'

Lank terug wou ek 'n argitek word en ek is steeds jammer ek het nie. Ook lank terug wou ek 'n veearts word, maar toe word ek 'n veekundige en ek is steeds jammer daaroor. Toe word ek 'n teoloog en kom agter teologie is meesal filosofie en daaroor is ek ook spyt. Vorm volg funksie – 'n mens sonder funksie is vormloos – soos 'n bootjie verdwaal in die see van die lewe. Die praktyk van predikantskap het my meesal omvêrgegooi want dit het my dikwels laat voel ek het 'n funksie, maar nie 'n vorm nie: '.. life is recognizable in its expression, that form ever follows function.'

Ek openbaar myself, maar ook hier in Calitzdorp het ek al 'n hele klompie mense leer ken wat ook so omvêrgegooi voel. Jy is dalk een van hulle. As predikant het ek 11 gemeentes redelik goed leer ken en meesal het ek in elke blootstelling diep gewonder of geloofsgemeenskappe voldoen aan die wet van die skepping dat vorm funksie volg. Synde meeste gemeentes al hoeka besig is om óf te stagneer, óf tot niet te gaan, wonder ek des te meer daaroor: '.. life is recognizable in its expression, that form ever follows function.'

Die nodige begrip setel waarskynlik daarin dat *funksie* 'n dinamiese bedryf is, maar *vorm* nie. Vorm is die bekleding van 'n funksie. Hierdie aspek is baie sigbaar in die argitektuur – geboue word nou anders ontwerp as 50 jaar gelede, huise en kerke ook. Mense word ook deesdae anders beklee en hulle oortuigings ook. Wat sou dan die vorm wees van godsdiens wat op die nou-se-tyd se religieuse funksie moet kan spruit?: '.. life is recognizable in its expression, that form ever follows function.'

Dit sou duidelik wees vir enige gelowige dat die kerk orals besig is om sy funksie te soek, te evalueer, te probeer definieer, te poog om in dogma of belydenis te vind. Nêrens vind ek somemr dat die baiese skeppingsbeginsel ter sake is in hierdie soektog nie. Dalk moet ons weer Sullivan se verstommende beskrywing ernstig opneem: 'It is the pervading law of all things organic and inorganic, of all things physical and metaphysical, of all things human and all things superhuman, of all true manifestations of the head, of the heart, of the soul, that the life is recognizable in its expression, that form ever follows function.'

Mooiloop tot volgende keer.